



Wes-Kaapse
Regering

KURRIKULUM VOO BESIGHEIDSTUDIES

LEERDER WERKBOEK

2025 KWARTAAL EEN



'BACK ON TRACK' PROGRAM GRAAD 12



Wes-Kaapse
Regering

VIR JOU

Onderwys

GEHALTE ONDERRIG

vir elke kind | in elke klaskamer | in elke skool in die provinsie.

SESSIE 1	
ONDERWERP	WETTE VAN MENSLIKE HULPBRONNE
DATUM	1 MAART 2025

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

- Hierdie boekie bestaan uit TWEE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe: ARBEIDSWETGEWING OP TOEPASSING VAN MENSLIKE HULPBRONNE (4 WETTE) as sub onderwerp van BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDDE asook dieselfde 4 WETTE as sub onderwerp van BESIGHEIDSOMGEWINGS.

AFDELING B: Bestaan uit TWEE vrae: Voltooi die vrae in die Leerder werkboek.

AFDELING C: Bestaan uit EEN vraag: Voltooi die vraag in die Leerder werkboek.

- Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet die antwoorde in VOLSINNE wees.
- Gebruik die tabel hieronder as gids wat aandui in watter vrae jy vrae oor hierdie onderwerp in VRAESTEL 1 sal vind.

ONDERWERP	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
AFD A: Veelvoudige keuse vrae	1		
AFD B: Besigheidsomgewings			
AFD B: Besigheidsbedrywighede	3		
AFD B: Diverse onderwerpe	4		
AFD C: Besigheidsomgewings			
AFD C: Besigheidsbedrywighede	6		
TOTAAL		150	

- Gebruik hierdie boekie in jou voorbereiding vir die **Kontrole Toets, Junie-, September-Voorbereidende- en Finale NSS-eksamen.**

AFDELING B TIPE VRAE

VRAAG 1: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKE HULPBRON FUNKSIE)


1.1 Verduidelik die **keurings prosedure** as menslikehulpbronaktiwiteit.

(10)

DEFINISIE:

.....

.....



1.2 Verduidelik die TWEE komponente van 'n **posontleding**.

Onderskei tussen *posbeskrywing* en *posspesifikasie* as komponente van 'n **posontleding**.

(12)

•	•
•	•
•	•

1.3 **BRONNE VAN INTERNE & EKSTERNE WERWING**

BINNE DIE BESIGHEID	BUTE DIE BESIGHEID
INTERNE	EKSTERNE
MENSE	MENSE
PAPIER	PAPIER
TEGNOLOGIE	TEGNOLOGIE
SPASIE	SPASIE

STUDIE WENK!

Bronne van werwing kan in
VIER kategorieë verdeel
word:


Memoriseer die kategorieë
om die bronne makliker te
onthou!

1.3.1 Gee VIER voorbeelde van **bronne** van **interne werwing**: (4)

- 1.
- 2.
- 3.
- 4.

1.3.2 Gee VIER voorbeelde van **bronne** van **eksterne werwing**: (4)

- 1.
- 2.
- 3.
- 4.



STUDIE WENK!
 Wanneer jy studeer, hersien die feite wat skakel met mekaar.
 Dus kan jy
 'n INTERNE VOORDEEL
 maklik omskakel in
 'n EKSTERNE NADEEL


1.4.1 Ontleed die impak van **interne metodes** van **werwing**. (12)

VOORDELE	NADELE
•	•
•	•
•	•

1.4.2 Ontleed die impak van **eksterne metodes** van **werwing**. (12)

VOORDELE	NADELE
•	•
•	•
•	•

1.5 KEURINGSPROSEDURE / STAPPE



1.5.1 Bespreek die keurings prosedure.

(10)

•

•

•

•

•

1.5.2 Beskryf kortliks die rol van die onderhoudvoerder voor die **onderhoud**.

(4)

•

•

1.5.3 Beskryf kortliks die rol van die onderhoudvoerder tydens die **onderhoud**.

(4)

•

•

1.6 Bespreek die redes vir die beëindiging van 'n **dienskontrak**. (8)

•

•

•

•

1.7 Verduidelik die doel van **induksie**. (6)

•

•

•

1.8 Verduidelik die voordele van **induksie** vir besighede. (6)

•

•

•


1.9 Verduidelik die **platings prosedure** as 'n menslike hulpbron aktiwiteit. (4)

•

•


1.10 Evalueer die impak van **byvoordele** op besighede. (8)

POSITIEWE	NEGATIEWE
•	•
•	•




AFDELING B TIPE VRAE

WETTE: IMPAK VAN ONLANGSE WETGEWING




MENSlike HULPBRONNE



BELANGRIK! Die woord implikasie kan beskryf word as die mate waarin die menslike hulpbronsfunksie aan die vereistes van die WAV, WGI, WBDV en WVO voldoen en dit implementeer.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS (4 WETTE)



2.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NICO ONDERNEMING (NO)

Nico Onderneming is 'n groot kleinhandel onderneming wat 'n verskeidenheid produkte verskaf. Die bestuur het 'n gelyke indiensnemingsplan in oorleg met werknemers opgestel. Hulle het ook regstellende aksie-maatreëls geïmplementeer wat diversiteit in die werkplek bevorder.

WENK! Een van die sinne het NIE betrekking op die vraag nie.

2.1.1 Haal TWEE maniere aan hoe NO die Wet op Gelyke Indiensneming nagekom het uit die scenario hierbo aan. (2)

•

•

2.1.2 Evalueer die impak van die Wet op Gelyke Indiensneming op besighede. (8)

VOORDELE	NADELE
•	•
•	•

2.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BOPHELE FINANSIERING (BF)

Bophelo Finansiering verseker dat werknemers gelyk betaal word vir werk van dieselfde waarde. BF het die finansiële klerk aangemoedig om aan 'n leerlingskap program deel te neem. Geleenthede is ook aan alle werknemers gebied om hul werkplek kundigheid en -vermoëns te verbeter.

2.2.1 Haal TWEE maniere aan hoe BF aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO) voldoen het. (2)

•

•

2.2.2 Verduidelik die negatiewe impak van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling op besighede. (4)

•

•

2.3 Lys enige VIER bepalinge van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. (4)

•

•

•

•

WENK! SOOO's (SETAs) is nie aparte wette nie, maar ondersteun die implementering van die WVO. Die SOOO is die implementeerders van die WVO. Die WVO kan nie sonder die SOOO geïmplementeer word nie.

2.4 **MYNBOUKWALIFIKASIE-OUTORITEIT (MKO)**

Die Mynbou kwalifikasie-owerheid (MKO) is die SOOO (SETA) vir die mynbedryf. Die MKO SOOO (SETA) doen verslag aan die Direkteur-generaal van die Departement van Arbeid oor die implementering van sy Sektor vaardigheidsplanne. Hulle bevorder en vestig ook leerderskappe.

2.4.1 Haal die rolle van SOOO's (SETA's) uit die scenario hierbo aan. (2)

•

•

2.4.2 Beskryf ander rolle van SOOO's behalwe die wat in Vraag 2.4.1 genoem word. (4)

•

•

2.5 Verduidelik TWEE regte van werknemers volgens die Wet op Arbeidsverhoudinge. (4)

1.

2.

2.6 Beskryf kortliks die doel van die Wet op Gelyke Indiensneming. (4)

•

•

2.7 Beskryf kortliks hoe SETAs befonds word. (4)

•

•

Verduidelik die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie as Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (NVOS).

2.8 (4)

•

•

2.9 Verduidelik die volgende bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes: (2)

2.9.1 Werksure

2.9.2 Ete-pouse/Rusperiodes (2)

2.9.3 Jaarlikse verlof (2)

2.9.4 Kinders- en dwangarbeid (2)

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHED (MENSLIKE HULPBRONNE – 4 WETTE)

DIE IMPLIKASIES VAN DIE WETGEWING OP DIE MENSLIKE HULPBRONFUNKSIE: Wat die Menslike Hulpbronbestuurder moet doen om te voldoen aan die vereistes van die Wet.

WENK! Hierdie afdeling moet nie verwar word met “Maniere hoe besighede die Wet kan nakom” nie.

3.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg

MIGHTY ONTWERPE (MO)

Mavis is die bestuurder van die menslike hulpbronfunksie by Mighty Ontwerpe. Daar word van haar verwag om gelyke geleenthede met gelyke betaling in die werkplek te bevorder. Mavis moet ook verseker dat die werkplek die demografie van die land op alle vlakke verteenwoordig.

3.1.1 Haal TWEE implikasies van die Wet op Gelyke Indiensneming op die menslike hulpbronfunksie van MO uit die scenario hierbo aan. (2)

•

•

3.1.2 Verduidelik 'n ander implikasie van die Wet op Gelyke Indiensneming op die menslike hulpbronfunksie. (2)

•

3.2 Verduidelik die skakeling tussen salarisbepaling en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. (4)

•

•

3.3 Adviseer die Menslike Hulpbronbestuurder oor die implikasies van die Wet op Arbeidsverhoudinge op hul bedrywighe. (6)

•

•

•

WENK! Die Menslike Hulpbronbestuurder moet ook kennis dra van die WVF, aangesien dit deur die wet vereis word.

3.4 Verduidelik die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) as 'n verpligte byvoordeel. (4)

•

•

AFDELING C TIPE VRAE

VRAAG 4: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die bevestiging van Sektorale Onderwys-en-Opleidingsowerhede (SOOO's) (SETA) verseker die effektiewe implementering van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO). WVO is ontwikkel in reaksie op die eise vir regstelling en billikheid. Besighede word verplig om aan hierdie Wet te voldoen.

Skryf 'n opstel oor die Wet op Vaardigheidsontwikkeling waarby jy die volgende aspek insluit:

- Beskryf kortliks die rol van SOOO's (SETA's)
- Verduidelik die doel van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling
- Bespreek die impak van die WVO op besighede
- Stel maniere voor hoe besighede aan die WVO kan voldoen

(40)

1.

•

•

2.

•

•

•

•

•

3.

•

•

•

•

4.

•

•

•

•

•

5.

•

•

•

•


•

6.

•

HOU IN GEDAGTE DIE VOLGENDE!

- Dit is belangrik om na die korrekte rolspelers te verwys wanneer jy spesifieke vrae beantwoord!



SESSIE 2	
ONDERWERP	BESIGHEIDSTRATEGIEË & BESIGHEIDSEKTORE EN HUL OMGEWINGS
DATUM	15 MAART 2025

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word.

- Hierdie boekie bestaan uit EEN afdeling en dek TWEE hoof onderwerpe:
BESIGHEIDSTRATEGIEË & BESIGHEIDSEKTORE(SAKESEKTORE) EN hul OMGWINGS as onderwerpe van **BESIGHEIDSOMGEWINGS**.

AFDELING B: Bestaan uit TWEE vrae.
Voltooi die vraag in die Leerder werkboek.

- Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet die antwoorde in **VOLSINNE** wees.
- Gebruik die tabel hieronder as gids wat aandui in watter vrae jy vrae oor hierdie onderwerp in **VRAESTEL 1** sal vind.

ONDERWERP	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
AFD A: Veelvoudige keuse vrae	1		
AFD B: Besigheidsomgewings	2		
AFD B: Besigheidsbedrywighede	3		
AFD B: Diverse onderwerpe	4		
AFD C: Besigheidsomgewings	5		
AFD C: Besigheidsbedrywighede	6		
TOTAAL		150	

- Gebruik hierdie boekie in jou voorbereiding vir die Kontrole Toets, Junie-, September-Vorbereidende- en Finale NSS-eksamen.

AFDELING B TIPE VRAE

VRAAG 1: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË EN SEKTORE)

DIE STRATEGIESE BESTUURSPROSES:



STUDIEWENK!

MOENIE die stappe in *die proses van strategiese bestuur* met *stappe in strategie-evaluering* of met *stappe in probleemoplossing* (deel van Rolle/V2), verwar nie. Opsie 2 (prent links), is 'n vereenvoudigde weergawe. Onthou om altyd jou antwoord in volsinne aan te bied.

NYWERHEIDSONTLEDINGSINSTRUMENTE:

SSGB ONTLEDING	PORTER SE VYF KRAG MODEL	PESTWO
----------------	--------------------------	--------





STUDIEWENK!

Die fokus van Porter se Vyf Kragte Model is op hoe die onderneming ELKE krag moet toepas, eerder as om beskrywings/definisies van die kragte te verskaf.



1.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

GITA se UNIEKE GEBAK (GUG)

Gita se Unieke Gebak (GUG) spesialiseer in die ontwerp van koeke vir spesiale geleenthede. GUG se personeel is opgelei in die nuutste fyngebaktegnieke. Sy het net 'n klein hoeveelheid kapitaal nodig gehad om haar besigheid te begin. GUG het nywerheids-ontledingsinstrumente SSGB, PESTWO en Porter se Vyf Kragte-model gebruik om 'n omgewingskandering van haar besigheid te doen. Serg Groothandelaars is die enigste verskaffer in die omgewing by wie GUG bak bestanddele koop. GUG het onlangs 'n internasionale kos mark in die VAE bygewoon waar hulle 'n aantal voornemende kliënte ontmoet het.

1.1.1. Haal EEN stap uit die strategiese bestuursproses aan wat deur GUG uitgevoer is. (1)

1.1.2. Beskryf kortliks die ander stappe in die proses van strategiese bestuur. (12)

•
•
•

1.1.3 Noem TWEE elemente van die SSGB-/SWOT-analise wat op GUG van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

SWOT-analise-elemente	Motivering
1.	
2.	


1.1.4 Identifiseer TWEE kragte van Porter se Vyf Kragte-model wat op GUG van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

Porter se Vyf Kragte	Motivering
1.	
2.	

1.1.5 Adviseer GUG oor stappe in strategie-evaluering. (10)

•
•
•

INTEGRASIE STRATEGIEË



STUDIEWENK! Onthou die volgende: voorwaartse vertikale integrasie vind plaas wanneer die besigheid hul verspreiders oorneem, terwyl terugwaartse vertikale integrasie vind plaas wanneer die besigheid hul verskaffers oorneem.

1.2 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

STRATEGIESE SKUIWE: FACEBOOK SE GEWAAGDE INTEGRASIE MET INSTAGRAM EN APPLE SE SELFVERSORGENDE VOORSIENINGSKETTING ONTWIKKELING!



In 'n beduidende skuif binne die sosiale media-industrie, het Facebook 'n merkwaardige voorbeeld van integrasie uitgevoer deur Instagram vir 'n gerapporteerde \$1 miljard te verkry. Beide Facebook en Instagram was gevestigde rolspelers in die sosiale media-sektor, wat spesialiseer in foto-deel dienste en is op dieselfde vlak van produksie. Met die erkenning van die potensiaal om sy posisie in die sosiale media deelruimte te versterk, het Facebook strategies die verkryging van Instagram nagestreef om sy markaandeel te vergroot en toegang tot nuwe gehore te verkry.



Apple Incorporated, vervaardiger van die uiters gewilde selfoontoestel, I-phone, het van hul verskaffer ontslae geraak deur self die skyfiestel wat in sy gewilde toestel gebruik word, te vervaardig. *Apple Inc.* het ook ontslae geraak van sy verspreiders deur sy eie kleinhandel winkels, algemeen bekend as “*Apple-I-stores*”, te open om sy volledige produk aanbod te verkoop.

Identifiseer die integrasie strategie wat plaasgevind het toe Facebook Instagram oorgeneem het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal

1.2.1


(3)

Integrasie strategie	Motivering

- 1.2.2 Bespreek die TWEE integrasie strategieë van toepassing op Apple Inc. in die scenario hierbo. Haal voorbeelde uit die scenario aan om jou antwoord te ondersteun. (10)

1.
2.

INTENSIEWE STRATEGIEë:



STUDIEWENK!

Intensiewe kragtige/ deeglike/ ernstige/ gekonsentreerde pogings/ optredes wat deur die besigheid toegepas word. Intensiewe strategieë vereis intensiewe pogings van die besigheid om sy mededingende voordeel/ posisie met bestaande of nuwe produkte in die mark te verbeter, gemik op die winsgewendheid van die bestuur te verhoog/ verbeter.

- 1.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

CULLAN SE NUWERWETSE SKOENE (CNS)

CULLAN SE NUWERWETSE SKOENE verkoop handgemaakte leerskoene in Kaapstad. Die bestuur van CNS het 'n tak in Kwazulu Natal geopen weens die groot vraag na hierdie skoene. CNS wil hul mededingende posisie in die mark verbeter.

- 1.3.1 Identifiseer die tipe intensiewe strategie wat CNS toegepas het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)


intensiewe strategie	Motivering

1.3.2 Verduidelik die ANDER tipes intensiewe strategieë wat deur CNS toegepas kon word. (8)

1.
2.

1.3.3 Adviseer die bestuur van CNS oor die voordele van intensiewe strategieë. (6)

DIVERSIFIKASIE STRATEGIEë:



1.4 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg

EPIESE SMAAKGENOT SPYSENIERS(ESS)


Epiese Smaakgenot Spyseniërs het begin deur spysenieringsdienste aan klein en groot besighede te verskaf. ESS het toe spitbraaidienste bygevoeg wat by nuwe kliënte sal aanklank vind. ESS gaan aanvanklik hul spitbraaidienste teen 'n lae prys aanbied om meer kliënte te lok. Epiese Smaakgenot Spyseniërs verskaf nou luukse motorverhuringdienste vir geleenthede soos troues en matriek afskeide, gebaseer op die behoeftes van hul bestaande kliënte.

- 1.4.1 Identifiseer die TWEE diversifikasie strategieë wat deur ESS toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

Diversifikasie strategieë	Motivering
1.	•
2.	•

- 1.4.2 Adviseer ESS oor die ander diversifikasie strategie, nie die in 2.4.2 hierbo, wat hulle ook kan implementeer. (4)

DEFENSIEWE STRATEGIEë:



Die besigheid pas defensiewe strategieë toe wanneer **finansiële onstabiliteit/moeilikheid as gevolg van onstabiele ekonomiese toestande ervaar** word. Daar kan van die besigheid verwag word om **moeilike besluite te neem wat hul toekoms/groei/oorlewing beïnvloed**. Defensiewe strategieë word gebruik **om te verhoed/voorkom dat die besigheid sluit**. Dit word ook deur die besigheid gebruik **om hulself te beskerm teen 'n potensiele verlies aan verkope/inkomste/marktaandeel**.

- 1.5. Identifiseer die tipe of defensiewe strategie wat Meje Konstruksie in ELK van die stellings hieronder toegepas het:

MEJE KONSTRUKSIE



- 1.5.1 Meje Konstruksie het al hulle bates verkoop om sodoende hulle krediteure te betaal. (2)

•

- 1.5.2 Hulle het die indiensnemingskontrakte van baie werkers beëindig om koste te verlaag. (2)

•

- 1.5.3 Die bestuur van Meje Konstruksie het besluite om hul onproduktiewe inligtingstegnologie-afdeling toe te maak. (2)

•

- 1.6 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

MODERNE EKLEKTIESE MEUBELS (MEM)

Moderne Eklektiese Meubels (MEM) vervaardig 'n verskeidenheid kantoormeubels. MEM het klante aan BAW Meubel vervaardigers verloor omdat hul produkte van 'n hoë gehalte is. Die winsgewendheid van MEM het afgeneem as gevolg van swak bestuursvaardighede. MEM moes 'n stewige boete betaal omdat hulle nie hul handelslisensie betyds hernu het nie.

- 1.6.1 Identifiseer die besigheidsektor waarin MEM sake doen. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)

Besigheidsektor	Motivering

- 1.6.2 Haal DRIE uitdagings vir MEM uit die scenario hierbo aan. (3)

- 1.6.3 Klassifiseer MEM se uitdagings volgens die DRIE Besigheidsomgewings. (3)

- 1.6.4 Noem die mate van beheer wat MEM oor ELKE besigheidsomgewing het wat in VRAAG 1.6.3 geklassifiseer is. (3)

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAE 1.6.2 - 1.6.4 te beantwoord

UITDAGINGS (1.6.2)	BESIGHEIDSOMGEWINGS (1.6.3)	OMVANG VAN BEHEER (1.6.4)
1.		
2.		
3.		